Kempie Klets

Uitgawe 6: 22 April 2010

Uit die Hoof se kantoor . . .

Geagte Ouers

Die afgelope twee weke was so vol van 'n verskeidenheid van gebeure – in die skool, maar meer so in die land en op die internasionale arena. Die dood van die AWB leier, die polemiek rondom die ANC se jeugleier het die koerante baie voorbladinligting gegee. So is die nuus die laaste paar dae oorgeneem deur die vulkaniese uitbarsting in Ysland met die ingrypende gevolge wêreldwyd. En dan was daar die MMC saamtrek van bykans 300 000 man op die plaas van Angus Buchan. Die eersgenoemde twee gebeure het in 'n mindere of 'n meerdere mate 'n invloed op ons dag tot dag se bestaan, maar die ewigheidswaarde wat die MMC se saamtrek op huishoudings oor die land heen het, kan ons maar net opgewonde oor raak. Mag die getuienis wat van daar af kom, vele harte aanraak.

Dit is met hartseer dat ons ook die afsterwe van Johandrie Delport se vader bekend maak. Ons harte is seer saam met die gesin en die verlies wat hulle gely het.

Geweld onder tieners

Die afgelope paar jaar praat ek gedurig met ons kinders oor baklei en kwaad word en hoe ek dit moet hanteer. Ons het definitief die laaste paar jare meer insidente waar kinders handgemeen raak met mekaar en party regtig baie seerkry in die gevolglike bakleiery. Daar is baie redes daarvoor aan te voer. Ek noem 'n paar vir u met die gedagte dat ons met ons kinders hieroor sal praat in 'n proses om hulle (en ons) toe te rus hoe dit hanteer moet word.

Die geweld in flieks en TV speletjies is ongesond vir die kinders om gedurig daaraan blootgestel te word. Die realistiese moordtonele met bloed en gepaardgaande geluide en leiding skep beelde in ons kinders se brein wat vir altyd daar lê. Die voorbeelde in 'n fliek dat moord sommer gepleeg word as ek kwaad is, of ouens gehuur word om 'n teenstander te "elimineer" as hy my opponeer, is nie navolgengs - waardig nie. Die wyse waarop werkers hulle meningsverskille met stakings en gepaardgaande geweld wys, dra ook nie by tot 'n rustige oplossing nie. Ons moet waak dat ons nie 'n geslag geweldenaars grootmaak nie. In so 'n wêreld oorleef slegs die sterkste. Sterkte met die taak.

Chev te koop!

Die ou bakkie van die skool het sy 30 jaar plus diens gelewer en is nou vervang. Tenders vir die koop van "Karakter" (soos hy bekend staan) word ingewag. Indien u belangstel om die ou bakkie te koop, moet u asseblief die bedrag wat u bereid is om te betaal in 'n geslote koevert, nie later as 12:00 op 29 April, by me Alta Louw voor in die kantoor inhandig nie. Maak seker u naam en kontaknommer is ook daar. Die hoogste tender sal die bakkie vir daardie bedrag koop.

Rapporte en oueraand

Ons is gereed om die rapporte Vrydag 23 April uit te deel. Dit is 'n week vroeër as geskeduleer. Die oueraand is Dinsdag 4 Mei . Maak asseblief 'n aantekening van die aand sodat u u kind se personeel kan kom ontmoet.

Matriekafskeid

Neem kennis dat die datum waarop die matriekafskeid op die jaarprogram geskeduleer is, gewysig word. Die rede is die rekordeksamen wat op die Vrydag en Maandag geskryf word, en kinders benadeel sou word op die datum soos geskeduleer. Die datum skuif nou na 9 Oktober in die vierde kwartaal.

Ten slotte

Die Mei en Junie eksamen is om die draai, en kinders moet tog die geleentheid met die langnaweek gebruik om betyds vir die eksamen voor te berei. Ek weet dit is 'n opoffering, maar dit is tog waarvoor hulle hier is.

Groetnis vir elk van u tot 6 Mei wanneer die volgende Kempie Klets verskyn.

Roelof Burger
(Skoolhoof)

GIMNASTIEK – 'N BESIGE KOMPETISIE-SEISOEN LÊ VOOR.

Met die aanbreek van die tweede kwartaal het 'n baie besige seisoen vir die Trampolien en Artistiese gimnaste (Vlak 1-3) aangebreek. Die Wêreldbeker Sokkerwedstryde het die SA-kampioenskappe reeds na 4 Junie laat verskuif – die leuse van die Kempies (***Daar's werk***) gaan dus beslis groter betekenis kry!

Geluk aan die Trampoliengimnaste wat reeds verlede naweek hulle eerste ligabyeenkoms gehad het en baie mooi presteer het:
Vlak 2: Theuns Botha (algeheel 2^{e})
Vlak 2: Anuskha du Toit (algeheel 2^{e})
Vlak 3: Andre Coetzee (algeheel 2^{e})
Vlak 4: Alé Esterhuizen (algeheel 2^{e})

'n Besonderse woord van gelukwensing gaan aan Odette le Roux. Die Kempies is bevoorreg om 'n Junior Springbok in Akro Gimnastiek in hul geledere hê. Tydens die afgelope reeks proewe is Odette weer by die S.A-span ingesluit wat later vanjaar aan die Wêreldkampioenskappe gaan deelneem – die Kempies is trots op jou.

Artistiese Gimnastiek (Vlak 1 – 3) het ook die kompetisieseisoen betree en met 'n maand oor voor kwalifiserende kampioenskappe is die volgende datums belangrik:
24 April: "Maak-en-breek" oefensessie (Brits)
27 April: Finale afronding van reekse



1 Mei: Reeksassessering
7/8 Mei: Oorslaap oefensessie en kompetisie (Settlers)
14 Mei: Weg-kompetisie
21 Mei: Oos-Gauteng Kampioenskap
28 Mei: Sirkel-kampioenskappe
4/5 Junie: Zone Kampioenskappe
Baie sterkte aan almal wat betrokke is.

Sport uitslae

RUGBY

In die kwarteindrondte van die Nupower Tuks wedstryde was die uitslae as volg:

O/14 A	vs HTS Middelburg	5-16
O/15 A	vs HTS Middelburg	5-17
O/16 A	vs HTS Middelburg	7-19
1ste	vs Pietersburg	24-22

HOKKIE

Uitslae van NuPower Kwartfinaal van 17 April:

O/14 A	vs Pietersburg	0-5
O/15 A	vs Pietersburg	0-3
O/16 A	vs Nelspruit	2-0
1ste	vs Nelspruit	3-1



SEUNSHOKKIE

In die ligawedstryde wat die afgelope week plaasgevind het, was die tellings as volg:
1e span Kempies vs Veritas 10-0
1e span Kempies vs Hugenote 0-1
O/16 Kempies vs Hugenote 4-3
O/14 Kempies vs Hugenote 0-3

Armand Pieterse is ingesluit in die O/16 Oos-Gauteng Span.

NETBAL

Liga wedstryde teen Hugenote (Kempies eerste)

O/14 A	20-6
O/14 B	20-8
O/15 A	17-10
O/15 B	22-10
O/16 A	14-8
O/16 B	18-8
O/17 A	16-15
O/17 B	28-8
1ste	20-18
2de	16-8

MUURBAL

In die ligawedstryd wen Kempies 1 teen Veritas 18-0

SKIET

Tydens die vakansie het die skuts deelgeneem aan 'n provinsiale kompetisie by Noord-Gauteng waar Nico du Plessis 'n goue medalje ontvang het vir sy prestasie in die 10 meter Olimpiese item.

Tydens die naweek se skietproewe het Kempie skuts 'n hele klomp medaljes ontvang vir hul prestasies tydens die eerste en tweede rondtes proewe. Toekennings is gemaak vir elke posisie nl. Kniel, staan lê en die algehele posisies in elke ouderdomsgroep.
Kempies ontvang in totaal 28 medaljes:

Proewe 1

Presisie-klas

O/21
Nico du Plessis (1 Silwer – lê)
(3 Goud – Staan, kniel en algehele totaal)
O/16
Ian Hart (4 Silwer)

Veer-klas

O/21
Didrich Terblanche (2 silwer – lê en algehele totaal) (2 goud – kniel en staan)
O/16
Heinrich Schoeman (Brons – kniel)

Proewe 2

Presisie-klas

O/21
Nico du Plessis (2 Silwer – lê en kniel) (2 Goud – Staan en algehele totaal)
O/16
Ian Hart (4 Brons)

Veer-klas

O/21
Didrich Terblanche (1 silwer – staan) (2 goud – kniel, lê en algehele totaal)

O/16
Elsje Muller (Brons- lê);
Christo van der Walt (Goud – Kniel) (Brons vir algehele totaal)

RUGBY 2de SPAN FONDSINSAMELINGS

Hulle verkoop Swarthak braaihout @ R14,00 per sak
Kontak Mnr. Jaco Coetzer vir meer inligting by 073 3764535

BORG BENODIG

Ons wil graag aan die einde van elke kwartaal 'n "Dankie sê" -funksie vir ons terreinpersoneel hou. Die harde werk wat aan hulle, soms onder groot druk uitgedeel, word met groot erns en trots genader. Die toestande van ons terrein spreek daarvan.
Ons benodig R600 per funksie (vir 18 personeellede) en daar is 3 funksies vir die jaar. Indien u belangstel vir ons 'n funksie te borg, kontak Guillaume Bosman by 073 5002811

REDENAARS

Sterkte aan die volgende leerling wat aan ATKV se eerste uitdun gaan deelneem by H/S Marias Viljoen op:

Vrydag 23 April	**Saterdag 24 April 2010**
Celeste Jonker	Hanro J van Rensburg
Jacqueline Venter	Geraldi Spurling
Ruan de Witt	Verusсha Theron
Neil du Plessis	Chané Stoffberg
Andrea Botha	Armand Algera
	Carika Jacobs

Uit die Finansie Kantoor

Met die eksamen en die lang vakansie wat voorlê, word ons genoodsaak om die skoolgeldrekeninge aan die einde van Mei en Junie aan u te **e-pos**. Hiermee doen ons 'n beroep op u om asb. u korrekte e-pos adres aan ons te stuur na michelsmith@mweb.co.za Betaal asb. in die bankrekening, aangesien die skool gesluit sal wees.

VVV

Ons is tans besig met ons oudisies vir die "Veg-Vir-Vym". Maak nou 'n aantekening in u dagboek vir 13 Mei'10 wanneer die Finale plaasvind. Die Gaskunstenaar is 'n groot verrassing!

INTERNE ENGLISH SPEECH COMPETITION

Die uitslae van die English Speech Competition in die onderskeie grade was as volg:

Gr.12
1. Heinrich Kotze (83.5%)
2. Meon Uys (80.5%)
3. Geraldi Spurling (80%)
4. Anneke Gildenhuys (79%)

Gr.11
1. Cheandré van Blerk en Veruschka Theron (80%)
2. Chené Stoffberg (79%)
3. Chené Barwise (78%)
4. Hanro Jv Rensburg (76%)

Gr.10
1. Martin Hattingh (88.5%)
2. Joyce Maloka (83%)
3. Caitlin Troop (80%)
4. Zené van Blerk en Tealitia du Plessis (77%)

Gr.9
1. Theuns Botha (90%)
2. Euanné Oberholzer (87%)
3. Melissa Maree (86%)
4. Lourin v Heerden en Shaandré Nel (79%)

Gr.8
1. Ruan de Witt (90%)
2. Maune Snyman (83%)
3. Lain Smith en Celeste Jonker (77%)
4. Daniel Terblanche en Sune Jonker (76%)

Algehele wenners
Senior Afdeling:
Martin Hattingh
Junior Afdeling:
Theuns Botha en
Ruan de Witt

VIR AANDAG : ALLE GRAAD 11 & 12 LEERLINGE EN OUERS : WAAR MOET EK GAAN SWOT ?

2010 : UNIVERSITEITE SE OPE DAE

Ten einde leerlinge en ouers te help om ingeligte besluite te neem en die regte keuses te maak ten opsigte van **Waar ?** en **Wat ?** om te gaan studeer, hou die groter tersiêre instellings jaarliks ope dae, wanneer skoliere en hul ouers die verskillende instellings se kampusse kan besoek, om die nodige inligting eerstehands te kry.

Dit is baie belangrik dat voornemende studente die geleenthede sal gebruik, sodat al hul vrae beantwoord kan word, en onsekerhede uitgeklaar kan word.

Die volgende oop dae vir besoeke vind plaas :

1. Universiteit van Pretoria (Tukkies) 15 Mei 2010
2. Tshwane Universiteit van Tegnologie (Pretoria Technikon) 8 Mei 2010
3. Universiteit van Johannesburg (UJ) 8 Mei 2010
4. Noordwes Universiteit (Pukke) 1 Mei 2010
5. Universiteit van die Witwatersrand 8 Mei 2010
6. Universiteit van die Vrystaat (Kovsies)1 Mei 2010
7. Universiteit van Stellenbosch (Maties) 30 Julie 2010
8. Universiteit van Kaapstad (Ikeys) 17 April 2010
9. Nelson Madela Metropolitan University (Port Elizabeth) 15 Mei 2010
10. Universiteit van Grahamstad (Rhodes) Nie beskikbaar

Navrae : Mnr Allan Henwood (011-) 970-2102, of skakel die betrokke instansie self. Die instellings se webwerwe bied ook volledige inligting.

GESINSPITKOS

At this moment somebody is very proud of you. Somebody is thinking of you, somebody misses you. Somebody trusts you. Somebody is caring about you. Somebody wants to talk to you. Somebody hopes you are not in trouble. Somebody is thankful for the support you have provided. Somebody wants to hold your hand. Somebody hopes everything turns out all right. Somebody wants you to be happy. Somebody wants to hug you. Somebody thinks you are a gift. Somebody admires your strength. Somebody wants to protect you. Somebody is thinking of you and smiling. Somebody can't wait to see you. Somebody loves you for who you are. Somebody treasures your spirit. Somebody needs your encouragement. Somebody is glad that you are their friend. Somebody wants to get to know you better. Somebody wants you to know they are there for you. Somebody would do anything for you. Somebody wants to share their dreams with you. Somebody needs your support. Somebody loves you.

Prys aanpassings

Meer as helfte minder.

Locca

"Normal" sluitkas was ~~R1140.00~~ nou **R560.00 per jaar** of was ~~R360.00~~ nou **R230.00 per termyn**

"Sport" sluitkas was ~~R1230.00~~ nou **R590.00 per jaar** of was ~~R390.00~~ nou **R240.00 per termyn**

"Large" sluitkas was ~~R1490.00~~ nou **R820.00 per jaar** of was -------- nou **R330.00 per termyn**

Die Kempies het gepraat en 80% het gesê Locca sluitkaste was hopeloos te duur.
Locca kom die Kempies tegemoed met ondenkbare, aansienlik meer bekostigbare nuwe pryse.

Locca kontakpersoon - meneer J.J. Smith (sportskantoor)

GLAMOROUS ROOFING CC
Roofing Done Right First Time, On Time

Attie Lamprecht
011 789 9790
083 535 4881
083 755 3929

glamorousroofing@mweb.co.za
www.glamorousroofing.co.za

- Industrial & Domestic Roofing
- All types of Ceilings
- All types of Roof Repairs
- Fascia Boards
- Specialised in new and Repairing of Slate & Tile Roofs
- Roof Painting
- Waterproofing
- Guttering

Brain Gain

BRAIN STIMULATION

- ADD/ADHD
- CONCENTRATION
- READING/WRITING & LEARNING DIFFICULTIES

CONTACT US TODAY!

011 972 8158 083 354 4904

CK 53 DRIVING SCHOOL AND TRAINING GROUNDS
VISIT OUR GROUNDS AT
CNR AANDBLOM AND FLAMBOYANT STR,EDLEEN
LEARNERS LICENSE COURSE:
R350,00 PASS GUARANTEED

SPECIAL PACKAGES AVAILABLE:	R 170.00 per Hour
EXCELLENT PRICES:	R2,000 for 14 Hours
FULL PACKAGE FROM START TILL END:	R4,500
LEARNERS LICENSES ALL CODES:	R 350.00

COLLECT AND DROP-OFF AVAILABLE
DUEL CONTROL VEHICLE
FULLY QUALIFIED INSTRUCTOR
KONTAK : KOBUS - 083 419 8043/082 3800 731

CK53 DRIVING SCHOOL

LEVEL-UP
Tutoring
Afr./Eng.
Ekstra klasse

- Wiskunde
- Wiskunde geletterdheid
- Fisiese Wetenskap
- Lewenswetenskap
- Studie Tegnieke

Kontak Renie by
072 510 5738
OBE/IBE/CAMBRIDGE

---

myself

vind uit hoe om 'n meer gebalanseerde lewe te lei ten opsigte van jou spiritualiteit, jou gesins lewe, jou werk en jou verhoudings met ander.



saam met

Retha McPherson

Voormalige Mev. SA, gesels meer oor haar praktiese ervaring om die lewe ten volle te geniet en deel wenke oor hoe om jou doel hier op aarde uit te leef. Sy het 'n ongelooflike storie van hoe God 'n gebeurtenis gebruik om hul gesin nader aan Hom te bring en sodoende ander te help

wanneer	Dond. 6 mei 2010
waar	Kaleideo, Fiskaal str, Kempton Park
hoe laat	6 :30 (pm)
koste	R49 pp
kaartjies by	itickets.co.za Kaleideo info desk
navrae	Susan t: 0823875432 e: susan@154.co.za

bly skrifskerp en lees vandag Johannes 10:10

alle gelde ingesamel word vir liefdadigheid geskenk

154 network

Annique

Rooibos Products.
Hermie 084 614 8122

Gift Voucher

Free Mini facial or
Deep Moisture hand treatment.
By appointment only.
Hermie 084 614 8122 - *Annique* Distributor
3 Boland Place, Glen Erasmia

Annique Health Care

Annique Beauty (Make-up)

Annique for all your skin care problems.

Voucher not redeemable for cash.
Bring voucher along with appointment.
Expiry date: 30th June 2010